BEURSE EN LENINGS

Studiekoste by ‘n universiteit of kollege is hoog en baie mense dink dat ’n mens self geld moet hê om dit te kan doen. Maar dis nie die geval nie.

Daar is baie bronne waar hulp verkry kan word. Hierdie hulp kan in die vorm van ‘n lening of ‘n beurs wees. Beurse is beskikbaar vir spesifieke studievelde – onderwys, rekeningkunde en aktuariële wetenskap, maatskaplike werk en verskeie skaars vaardighede (bv. IT, ingenieurswese, ens.). Baie beurse vir die Nasionale Sertifikaat- (Beroeps-) kursusse is by VOO-kolleges beskikbaar.

Aangesien daar nie genoeg beurse vir alle studente in Suid-Afrika beskikbaar is nie, kan jy versoek dat ‘n lening aan jou toegestaan word. Sodanige lening is terugbetaalbaar as jy eendag begin werk. Baie finansiële instellings (banke) bied studielenings aan waarvan die terugbetalings eers begin wanneer jy begin werk. Baie studente in Suid-Afrika befonds hul studies deur ’n National Student Financial Aid Scheme (NSFAS)-geadministreerde lening. ’n NSFAS-lening benodig nie kredietkontrolering van jou of jou ouers nie. Terugbetaling is maklik en die rentekoers is laag. Daarbenewens sal ‘n gedeelte van die lening nie terugbetaalbaar wees as jy goed vaar in jou studies nie. Hul kontakbesonderhede is tel 021-7633232, e-pos info@nsfas.org.za; webadres www.nsfas.org.za

Wenke wanneer jy om ’n beurs aansoek doen:

- Die sluitingsdatum vir die aansoek om ’n beurs of lening is baie belangrik. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie.
- Doen aansoek om ’n beurs wanneer jy in graad 12 is sodat jy vir die volgende akademiese jaar aan ’n tersiêre instelling befonds kan word en **nie nadat jy matriek geslaag het** nie.
- As jy aansoek doen om ’n beurs beteken dit nie jy sal die beurs ontvang nie. Doen dus aansoek by soveel maatskappye as moontlik om jou kanse om ’n beurs te ontvang te verbeter.
- Indien jy ’n beurs ontvang, **bied dit nie** outomaties ook toegang tot ’n tersiêre instelling nie; jy moet nog steeds aansoek doen om toelating tot ’n tersiêre instelling.
- Nadat jy jou graad 12-uitslae ontvang het, moet jy ‘n gewaarmerkte afskrif aan die beursmaatskappy stuur. Dit sal verseker dat jy ’n Beurs Bevestigingsbrief ontvang wat jy dan gebruik om by die instelling wat **deur die maatskappy** goedgekeur is, te registreer.
- Die maatskappy wat die beurs aan jou bied, belê in jou; daar kan dus van jou verwag word om ’n sekere tydperk vir hulle te werk nadat jy jou studies voltooi het. As jy egter jou tersiêre studies druip, kan jy die beurs verbeur.

Hier is die name van sommige befondsers wat jy kan gebruik:

1. **Onderwys**: Funza Lushaka Bursary Programme; Strubenstraat 222, Pretoria 0001 / Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) http://www.funzalushaka.doe.gov.za/
2. **Besigheidswetenskap en Handel, Onderwys, Ingenieurswese, VOO Kollege**: Access Fund: (021) 671 1521, (021) 674 0141; http://accesstrust.org.za/
3. **Verskeie**: EDU-LOAN. Tel 0860555544; info@eduloan.co.za; www.eduloan.co.za
4. **Rekeningkunde**: Old Mutual Accountancy Bursary, Posbus 66 Kaapstad 8000, www.oldmutual.co.za; MTN Accounting Bursary, p/a Career Wise (PTY) Ltd, Posbus 30632, Braamfontein 2017, www.careerwise.co.za
5. **Landbou**: Nasionale Tesourie, Privaatsak X115, Pretoria 0001; Stellenbosch Universiteit, Fakulteit AgriWetenskappe, Privaatsak X1, 7602 Matieland, Stellenbosch, Tel (021) 808 9111
6. **Aktuariële Wetenskap**: Old Mutual Actuarial Bursary, Posbus 66 Kaapstad 8000; www.oldmutual.co.za; Metropolitan Actuarial Bursary, Posbus 2212, Bellville 7535
7. **Besigheidswetenskap en Handel**: Suid-Afrikaanse Brouerye, www.sabcareers.co.za; Sasol Limited, Posbus 5486, Johannesburg 2000
8. **Ingenieurswese**: Anglo Platinum Bursary Scheme, Posbus 451, Kroondal 0350; De Beers Ltd, Posbus 30632, Braamfontein 2017, www.careerwise.co.za
9. **Maatskaplike werk**: Oppenheimer Memorial Trust (Vodacom), Posbus 30632, Braamfontein 2017; SA Institute of Race Relations (SAIRN). Posbus 32597, Braamfontein 2017
10. **Verpleging**: Solly Ginwala Memorial Trust, Posbus 4138, Durban 4000

Eksterne beurse

Beurs vir voltydse studie aan goedgekeurde tersiêre nrigtings word tans aangebied aan persone wat in die groter Kaapse Metropolitaanse area woon wat in 2021 vir 'n voorgraadse of nagraadse graad of diploma in een van die volgende studieterreine gaan registreer:

- Argitektuur
- Atmosferiese wetenskap (MSc/PhD)
- BComm (verkrygingslogistiek)
- Besigheidsanalis
- Bou-ontwikkeling
- Bou- en konstruksieontwikkeling
- Chemie (MSc/PhD)
- Siviele ingenieurswese (MSc)
- Siviele ingenieurswese (Behuisingsprojekbestuur)
- Siviele ingenieurswese (spesialisering in hawe- en kusingenieurswese)
- Stads-, dorp- en streeksbeplanning
- Bewaring van die beboude omgewing/ erfenisstudies en -bestuur (nagraads)
- Bewaringsekologie/ biodiversiteit en bewaring (MSc/PhD)
- Ekotoksikologie (MSc/PhD)
- Elektriese ingenieurswese – swaarstroom (BSc)
- Energiebestuur (nagraads)
- Regte/ etiek/risiko/oudit/IT (Forensies)
- Geografiese Inlgtingstelsels (MSc/PhD)
- Geomatika (BSc)
- Industriële ingenieurswese
- Landskapsargitektuur
- Biblioteek- en inligtingswetenskap
- Materiale en padoppervlakingenieurswese
- Meganiese ingenieurswese (MSc)
- Molekulêre biologie/ virologie (MSc/PhD)
- Verpleging
- Arbeidsgesondheid- en veiligheidsbestuur (BTech)
- Aptekerswese
- Projekbestuur (nagraads)
- Eiendomstudies (nagraads)
- Beleggings
- Landmeting (BTech)
- Statistiek
- Stad- en streeksbeplanning
- Vervoerlogistiek
- Vervoerstudies
- Verkeersingenieurswese
- Watergebruik/ waterbehandeling (MSc/PhD)

Beurse sal registrasie-, eksamen- en klasgelde dek.

Navrae: Stad Kaapstad Werkverskaffingsdiens lessenaar: 0860 103 089 (Opsie 6), 021 400 1404 / 2044 / 3619 / 3899

Inligtingstegnologie Besigheidsleerlingskapsprogram (ITBLP)

Toonaangewende maatskappye in die Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) en ander banksektore, in samewerking met die Belgiese kampus, bied 'n hoë-standaard IKT-kwalifikasie vir talentvolle Suid-Afrikaanse jongmense aan.

Die ITBLP-kwalifikasie en verwante leerprogramme is belyn met die behoefte aan IKT-vaardighede wat in die IKT- en bankindustrieë bestaan.

Hoe om aansoek te doen:

E-pos jou CV aan Allistine: Allistine.ragebult@fnb.co.za

Wes-Kaapse Regering (Provinsiale Tesourie Beurs)

Die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie nooi matrikulante, voorgraadse en nagraadse studente wat belangstel om loopbane in Ekonomie, Fiskale en Openbare Beleid, Batebestuur (Voorsieningskettingbestuur, Fisiese Batebestuur), Rekeningkunde, Openbare Finansies (Uitgawes- en inkomste-analise en Bestuur) of Korporatiewe Beheer (Risikobestuur, Korporatiewe Finansies, Besigheids- en Publieke Administrasie) te volg uit om vir voltydse beurse aansoek te doen.

http://www.gostudy.net/bursary/western-cape-government-provincial-treasury-bursary